Hoe om ’n veldyskas te maak

Graad 6 tot 12

Bou ’n veldyskas wanneer julle in die veld kampeer.

Onderwerpe: Veldyskas en touwerk

Stappe

1. Jy kan ’n vierkantige of driehoekige yskas bou, afhangend van die hoeveelheid goedere wat verkoel moet word.



2. Benodigdhede vir ’n driehoekige yskas:
   - 9 stokke/riete
   - Koerante
   - Gom
   - Baie water
   - Tou

3. **Metode:**

   Gebruik die kruisvaswoel om stokke/riete aan mekaar te heg. Riete werk baie goed. Deel die werk in die span en laat elke spanlid ’n paneel bou of ten minste ’n kruisvaswoel maak. Trek nou die raamwerk met baie koerantpapier oor. Gebruik gom of tou om die papier te heg. Onthou van ’n deur! Vind ’n geskikte plek in die koelte waar die yskas moet staan.

4. Gooi baie water oor die yskas sodat die koerantpapier sopnat word. Hou die yskas nat vir die tydperk van gebruik.

5. Maak jellie in ’n 2 liter-roomysbak aan en laat oornag staan. Dan is daar nagereg vir die volgende dag!

Wenke

1. Hou die yskas deurentyd nat.
2. Gooi minder water by die jelliepoeier as wat op die aanwysings gegee word.